SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – JANUARIE 2024

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

NUWEJAARSBOODSKAP 2024 VAN GENL-MAJ GERT OPPERMAN, PRESIDENT VAN DIE SA INFANTERIEVERENIGING

Graag word my en Ria se opregte beste wense vir die Nuwe Jaar aan alle lede van die SA Infanterievereniging en hulle geliefdes oorgedra. Mag 2024 ‘n jaar wees waartydens ons steeds vórentoe en óp kan kyk! Laat ons konsekwent konstruktief saamwerk om ‘n beter hede en -toekoms vir almal in Suid-Afrika, maar veral vir ons lede en ons korpsgenote en hulle geliefdes, te help skep.

Niemand kan ontken nie dat ons in die nuwe jaar deur baie groot en ernstige uitdagings in die gesig gestaar word. Sonder om enigsins verder daarop in te gaan, is dit veral waar vir ons ouerwordende veterane en hulle geliefdes. Benewens die algemene uitdagings wat met veroudering en gesondheid gepaardgaan, is daar baie van ons oud-kamerade wat sukkel om hulle lewenspeil te handhaaf en toenemend vergete en uitgesluit voel van die breër gemeenskap en hulle medemense.

Ek het die grootste waardering vir al die militêre veterane-organisasies wat só hard en onbaatsugtig in belang van al hulle lede werk. Van hulle doen dit onder baie moeilike persoonlike omstandighede. Dit is veral waar van die Nasionale Uitvoerende Raad van die SA Infanterievereniging en die verskillende takbesture. Mag hulle werk in die nuwe jaar met sukses bekroon en ryklik beloon word. Mag dit daartoe lei dat ons Vereniging van krag tot krag sal gaan, nie bloot om groter te word nie, maar eerder om met die visie, krag, energie en middele bemagtig te word om steeds meer vir ons mense te kan doen!

➢ Is U by my in 2024? – Lukas 2:25

Op 1 Januarie 2024 Here, breek daar voor U oë en myne 'n splinternuwe jaar aan. Dit lê oop voor U en my.

En hier is ek – op die punt om die nuwe jaar in te gaan. Maar ek voel onseker, Here, selfs bang vir wat die jaar mag inhou; vir wat dit alles van my gaan eis.

Het ek die krag en integriteit, Here, om te lewe soos iemand in wie U lewe? Kan ek die jaar ingaan met vreugde en kalmte en vertroue dat U by my is?

By Simeon was daar geen twyfel dat God nie by hom sal wees nie – hy het God se wet liefgehad en hy was vroom: om te wandel met God, om te weet God is altyd by my in voor- en teenspoed.

Dan vind 'n Goddelike ontmoeting plaas as die Heilige Gees vir Simeon en vir Maria en Josef en Jesus na die tempel begelei. Die Woord en die Heilige Gees werk saam in 'n Goddelike harmonie!

Vroomheid is nie 'n ydele woord nie, maar 'n Goddelike lewenswyse – op dié pad wil die Here my begelei in 2024. 'n Pad van geloofsgroei – om te wees wat ek in Christus moet wees! Is ek gereed?

➢ With our Deepest Sympathy to the Family of:

- Brig. Genl. Lee Le Crerar that passed on the 22nd of December 2023.

➢ Met Opregte Medelye:

- Annetjie Dreyer, eggenote van Peet Dreyer: haar Moeder, Anna Janse van Rensburg (92) is op 30 Desember 2023 oorlede.

➢ Spoedige Beterskapswense aan:

- Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
- Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker.
- Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
- Wickus van der Linde, SAIV Voorsitter, regterskouer nog nie volkome herstel.
- Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
- Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
- Herman de Beer, Melksbosstrand, in Vredenburg 'Step-down', ontvang mediese sorg.
- Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, still dependent from COPD.
- Peet Dreyer, Centuriontak, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
- Dirk Botha, Hoëveldtak, ontvang mediese sorg na operasie.
- Dawid Botha, Trans Magaliestak, ontvang mediese sorg.
- Johan Steenkamp, Hoëveldtak, ontvang mediese sorg.

- Mercia Coetsee, Centuriontak, heupvervangingsoperasie beplan vir Januarie 2024.
- Alda Fouchee, Centuriontak, rugprobleme.
- Steve Noonan, Wesrandtak, operasie aan knieë in Januarie 2024.
- Kallie Pienaar, Wesrandtak, ontvang mediese sorg.
- Ben Bopp, Wesrandtak, wag vir die uitslag van 'n biopsie.
- Leon le Roux, NUR Webmeester, katarak- en lensinplantingoperasies aan albei oë was suksesvol en kyk met nuwe oë uit na 2024.

➢ **Koringkorrel – 'n Nuwe Jaarsgebed** – In aansluiting van Ps 23 vers 3 (Hy lei my op die regte pad):

"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen, en Hy sal jou die regte pad laat loop." (Spreuke 3:5, 6)

➢ **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.

- In hierdie lewe kan ons nie almal groot dinge doen nie, maar ons kan almal klein dinge doen met groot liefde. (Moeder Teresa)

➢ **'n Mondvol**

"Die fariseër is die valse vriend van die godsdiens wat dit meer kwaad doen as al die openbare vyande daarvan." (Langenhoven)

➢ **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za
Webtuiste: www.sainfantry.co.za
Facebook Blad: South African Infantry Association